Vir Aandag: Tegniese Komitee: Tussentydse Grondwet

A.109

CC TE M

**National Party**
**Nasionale Party**

[109]

**Cape Province**
**Kaapland**

**Aan/To:** Steering Committee, Multiparty Negotiating Forum

**Van/From:** NP Kiesafdeling Liesbeeck/Groote Schuur

**Aantal bladsye wat volg/No of pages to follow:** 2

**Boodskap/Message:** Dié beredenering is deur lede van die Rondebosch NG-gemeente aan ons besorg om dit vir u kennisname te stuur vóór die finale ontwerp van 'n tussentydse grondwet.

**Vir Kantoorgebruik**

**Datum:** ............

**Tyd:** ............

40 Burg Street Cape Town 8001 POBox 15020 Vlaeberg 8018
Burgstraat 40 Kaapstad 8001 Posbus 15020 Vlaeberg 8018
Tel (021) 23 4156 Fax/Faks (021) 23 8440 Telegraph/Telegramme: Nasionaal

Baie dankie
A van Wyk
Voorsitter.

# 'N KRITIESE EN KONSTRUKTIEWE BEOORDELING VAN DIE HANDVES VAN FUNDAMENTELE REGTE ARTIKEL 11 - GODSDIENSVRYHEID DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## 'N ALGEMEEN INLEIDENDE OPMERKING

Die verwikkeling van 'godsdiensvryheid' op die terrein van die onderwys in die Verenigde State van Amerika verplig ons in die Republiek van Suid-Afrika om betyds toereikende maatreëls te tref om 'n soortgelyke dilemma deur middel van ons 'Handves van Fundamentele Regte' te voorkom.

## DIE BEWOORDING VAN ARTIKEL 11

"Godsdiensvryheid

11. (1) Elke persoon het die reg om die godsdiens van sy keuse te bely en te beoefen.

(2) Subartikel (1) belet nie die godsdienstige bediening van die magte, die staatsdiens en ander staatsinrigtings, godsdienstige onderrig of godsdiensbeoefening in skole, en godsdienstige uitsendings deur 'n entiteit by of kragtens wet ingestel nie."

## 1. DIE AANTASTING VAN DIE REGTE VAN GODSDIENS VOLGENS ARTIKEL 11

"Godsdiens" of "geloof" het geen juridiese definisie nie. Sekulêre definiëring maak 'n ingreep op die 'regte' van die godsdiens wat verskans word deurdat 'n sekulêre karakter aan die begrip verleen word. Andersins word aan aktiwiteite wat teologies nie as godsdienstig erken word nie, verkeerdelik 'n godsdienstige karakter verleen, bv ateïsme.

## 2. VERPLIGTINGE TEENOOR DIE GODSDIENS VOLGENS ARTIKEL 11

Regte het verpligtinge as antisedente en daardie verpligtinge word op die staat en die indiwidu geplaas. Enige juridiese entiteit wat die draer van verpligtinge kan wees, word dus met sanksie bedreig as newe-effek van die bepalings van die Handves. Dit op sigself is 'n begrip wat bots met baie gelowe, godsdienste of doktrines. Elke krag het 'n teenkrag. Godsdienste word in sekulêre ekwilibrium met mekaar geplaas en maak dus die bepaling waardeloos, selfs kontraproduktief of destruktief.

## 3. DIE BEPERKING VAN GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE DMV ARTIKEL 11

Om "'n godsdiens te bely' kan 'n passiewe of pro-aktiewe praktyk wees. Pro-aktiwiteite word by implikasie verbied, want dit tas andersdenkendes se 'regte' aan. Die christelike en selfs Islamitiese gelowe word dus nie regtens verskans nie, maar aan bande gelê. Die suiwer evangelie, oa, kan nie sonder pro-aktiewe optrede verkondig word nie. Die evangelie word dus nie beskerm nie, maar onderdruk.

1381

## 4. DIE CHRISTELIKE ONDERWYS EN ARTIKEL 11

Onderwys is slegs 'n faset van die sosiale samelewing, alhoewel 'n sensitiewe faset, waarin die dilemma sy kop uitsteek: 'n Bepaling wat vir alle gangbare aktiwiteite in die samelewing sal geld, moet geformuleer word.

## 5. DIE HEROMSKRYWING VAN DIE BEWOORDING VAN ARTIKEL 11

Die gevolgtrekking is dat 'regte' nie geskep moet word nie, maar daar moet wel beperkings op die owerheid geplaas word om die kerk / godsdiens / geloof te versekulariseer of om in te meng met die beoefening van geestesaktiwiteite mits die praktyke rondom die bedryf nie botsend is met die goeie sedes nie. Die ironie is dus dat die kerk en godsdienstige aktiwiteite groter beperking sal geniet as die wêreld dmv die reëling van artikel 11.

## 6. DIE HUIDIGE GODSDIENSTIGE REëLING MOET GEKONTINUEER WORD

'n Demokrasie seëvier by die aanbieding van skoolvakke soos bv Duits of Arabies. Verpligte skoolvakke (wat godsdienstige vakke soos Bybelonderrig of Bybelkunde nooit was nie) het 'n breë populariteitsfondament. Ander vakke word deur die beginsel van aanbod/aanvraag aangebied. 'Bybelkunde' net soos 'Islamkunde' byvoorbeeld moet tog op dieselfde basis volgens behoefte, geakkomodeer word. Hierdie vryheid het die indiwidu nog altyd gehad naamlik om hom te distansieer van die geesteswaardes waarmee hy hom nie wil assosieer nie en word reeds verskans op sterkte van sy persoonlikheidsregte, privaatheid en reg op opvoeding ens. Waar 'n skoolhoof (op sterkte van sy geloof of die populêre aanvraag) dus 'n skool met Skriflesing en gebed wil open mag hy dit doen mits:

1. Deelname vrywillig is;
2. Dit nie inbreuk maak op die opvoedingsverpligtinge nie (bv deurdat andersdenkendes op 'n ander aanvaarbare wyse geakkomodeer word;

## 7. 'N VOORSTEL VIR DIE VERANDERDE BEWOORDING VAN ARTIKEL 11

"In erkentlikheid teenoor die verhewe aard van godsdiens mag die staat nie inmeng in of inbreuk maak op die aard, omvang of beoefening van enige persoon se godsdienstige aktiwiteite nie."